**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 03/03 2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **Gelukwensing:**
   Baie geluk aan juf. Marietjie Strydom wat aangewys is as een van die beste Toerisme-onderwysers in die Oos-Kaap.

2. ***"Math 24"*-kompetisie:**
   Op Donderdag, 2 Maart, het die Koukamma Munisipaliteit 'n "*Math 24"*-kompetisie gehou. Ons is baie trots op Dylan Charli (gr. 7) wat 'n eerste plek behaal het. Baie geluk.

3. **Toetsreeks:**
   Alle leerders het reeds die rooster vir die toetsreeks ontvang, wat op Maandag, 6 Maart, begin.

   Die skool sal gedurende die toetsreeks om 13:15 verdaag sodat leerders ekstra tyd het om te studeer.

   Al 9 periodes sal gevolg word, maar met verkorte tye.

4. **Individuele skoolfoto's:**
   Leerders wat individueel afgeneem is, het gister hulle bestelkoeverte gekry. Bestelkoeverte moet voor of op Vrydag, 10 Maart 2023, by u kind se registerklasonderwyser ingehandig word.

   U kan die korrekte bedrag kontant **òf** 'n EFT-betalingsbewys in die koevert sit as bewys van betaling. Geen kleingeld word by die skool gegee nie.
   Let wel dat u die elektroniese betaling direk aan die fotograaf maak. **MOENIE GELD IN DIE SKOOL SE REKENING BETAAL NIE.**

   **Fotograaf se bankbesonderhede:**
   M.Landman
   Standard bank
   Tjek rek no: 082862583
   Takkode 050214
   Verwysing : MCL (vir Mclachlan,) 3 (graad waarin kind is) 1234 (foto no.)

   Voorbeeld : Verw. MCL-3-1234

   Leerders wat a.g.v. atletiek of afwesigheid, nie afgeneem is nie, sal op die dag van die groepfoto's individueel afgeneem word.

herotel

5. **<u>Imagine 2023 National Event: 18-20 Maart 2023</u>:**
Dis Maart-maand. Ons moet gereedmaak vir die avontuur van 'n jaar: ons wil graag al ons gr. 8- tot 12-leerders die geleentheid gee om die nasionale #Imaginesaamtrek te Bredasdorp by te woon. Ons program begin Saterdag, 18 Maart, om 16:00 en ons verdaag Maandag, 20 Maart, om 12:00.

Dis 'n fenominale geestelike saamtrek van ons suidelike provinsies se jeug om vir daardie langnaweek 'n wonderlike Christelike belewenis te hê op 'n unieke jongmensmanier. Die verblyf, etes en toegang vir die naweek beloop R500 en ons vervoer ongeveer R200.

Ons gaan lekker kamp, vriende maak, sing en dans, baie ervaar en hoor maar ook ontspan en groei. Ons gaan in tente kampeer en groot kleurryke klank-en-beeldervarings in klein groepies beleef.

Leerders kan ons spesiale borgvorms gebruik om by vriende en familie fondse in te samel vir die kamp. Leerders moet asb. finaal op Maandag, 13 Maart, by mnr. Johan inskryf.

6. **<u>Gr 8-VRL-lede vir 2023</u>:**
Na die ontgroening van ons gr. 8-klas van 2023 deur die matrieks en onderwysers het die klas demokraties 2 leerlingleiers verkies om hulle te verteenwoordig op die VRL(Verteenwoordigende Raad van Leerders): Seun - Farrel Goeda en Meisie - Luzaan Venter. Ons wens hulle en hulle ouers baie geluk met die eer en posisie in ons skool.

7. **<u>Eskom-expo-vir-jong-wetenskaplikes</u>:**
Hoërskool McLachlan se eerste ESKOM Expo werkswinkel op 28 Februarie 2023 het baie goed afgeloop. Leerders en onderwysers van McLachlan en van Hoërskool Paul Sauer in Kareedouw, is toegespreek deur die provinsiale koördineerder van ESKOM Expo, meneer Fredy Mashate, oor wat die EXPO is, waar om idees te kry vir projekte, en hoe om die wetenskaplike metode toe te pas en 'n projek te beplan en uit te voer. Dit was baie interessant.
Leerders wat vasbeslote is om 'n projek aan te pak, moet met mevrou Riana Ferreira (graad 4 – 6), asook juffrou Marie Strydom en meneer Johan Schlechter (graad 7 – 11) verder gesels vir ondersteuning. Mnr. Mashate het belowe om weer in Mei 'n draai te kom maak om aan die leerders met projekte, wat dan al amper klaar moet wees, hulp te verskaf indien nodig. Al die nodige inligting oor Expo-projekte is te vinde op die webtuiste https://exposcience.co.za/.

8. **<u>Finansies</u>:**

- <u>Kopieerkoste</u>:
  Die kopieerkoste is R550 per leerder per jaar en moet teen 31 Maart 2023 ten volle vereffen wees. Die huur van die fotostaatmasjiene, aankoop van papier en ink plaas 'n groot finansiële las op die skool, dus is elke ouer se bydrae van uiterse belang. Die leerders van HS McLachlan ontvang kwaliteit onderrig en daarvoor is ouers se konstante bydrae baie belangrik.

- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
| | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
| | Tipe rekening: | Tjek |
| | Takkode: | 334415 |
| | Verwysing: | **Kind se naam en van** |

- Leerders het hierdie week Februarie se skoolfondsrekening ontvang. Maak asseblief seker dat u dit by u kind kry.

herotel

9. **Sport:**

- Laerskoolatletiek:
  Die volgende laerskoolatlete is gekies vir die Sarah Baartman-atletiekspan:

| | | |
|---|---|---|
| S 0/10 | Trent-Leigh Pieterse | 80m ; 70m hekkies |
| D 0/11 | Igné Ferreira | GS |
| D 0/13 | Lilitha Ferreira | SG |
| S 0/13 | Reyo-Nando van Rooyen | SG |

  Baie geluk.

- Hoërskoolatletiek:
  Hoërskool McLachlan se 2 verspringers, Corine Ntshudu en Lea Cedras, verteenwoordig Sarah Baartman en neem Saterdag, 4 Maart, in Gqeberha deel.  Ons beste wense vergesel hulle

- Wittedrift-sportdag: Saterdag, 4 Maart:

  Bustye:

| | |
|---|---|
| Misgund: | 04:15 |
| Louterwater: | 04:30 |
| Krakeel: | 04:45 |
| Skool: | 04:55 |
| Ravinia: | 05:00 |

  Seuns ry met McLachlanbus en dogters met Baileybus.

- Rugby:
  Maandag, 6 Maart, vind die 0/13-Kougarugbyproewe plaas te Humansdorp.

- Krieket:
  Die 0/11- en 0/13-wedstryde teen laerskool Stulting is gekanselleer. Mini–krieket vind op Donderdag, 9 Maart, te Laerskool Stulting plaas

- Hoërskooltennis:
  Dinsdag, 7 Maart, speel die dogters teen Collegiate tuis.

  Donderdag, 9 Maart, speel die seuns teen GLA tuis.

- Netbal:
  Saterdag, 11 Maart, vind die 0/14 – 0/18 Sarah Baartman netbalproewe te Hoërskool Nico Malan plaas. Registrasies begin om 9:00. Registrasiegelde is R20.00 per speler en spelers kan by juf. Simoné betaal. Vervoerreëlings sal later deurgegee word.

- Hoërskoolsportoefening:
  Tydens die toetsreeks sal daar nogsteeds hoërskoolsportoefening plaasvind op 'n Dinsdag en 'n Donderdag, vanaf 13:30 – 14:30.

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

McLachlan Internet Fasiliteit